

3. Wat is pulp?
4. Wat word gedoen met die afvalpapier wat by herwinningsentrums bymekaargemaak word?
5. Waarom moet ons papier herwin?

Hoe papier uit hout en plantvesels gemaak word

1. Bosboumaatskappye plant bome soos dennebome. Hulle kap die groot bome af en 'n masjien saag dit in stompe op.
2. By die papiermeule stroop groot masjiene die bas af.
3. 'n Ander masjien kap die stompe in klein stukkie op, omtrent so groot soos 'n R2-stuk.
4. Die houtstukkie word dan in groot stoompotte gekook, totdat hulle sag soos looperige pap is. Die vesels word nou pulp genoem.
5. Omdat daar nie genoeg bosboubome in Suid-Afrika is nie, word herwonne karton en papier by die papiermaakproses gevoeg. Herwonne papier kom van herwinningsentrums wat afvalpapier terugkoop. Dit word in repe geskeur, in water geweek en by die pulp gevoeg. 'n Ander masjien meng die pulp tot 'n dik vloeistof of bry.
6. In die papiermasjien is daar verskillende rollers. Wanneer die bry daaroor beweeg, loop die water weg, of word uitgedruk. Die netwerk van vesels wat oorbly, word oor warm rollers drooggemaak.
7. Sommige maatskappye koop baie papier in groot rolle. Hulle sny dit dan in verskillende groottes op en verkoop dit weer aan ander maatskappye.



Die bome word in stompe opgesaag.



Herwonne papier



Die pulp word in 'n dik vloeistof of bry gemeng.



Groot rolle papier

Sleutelbegrippe

Sand word gebruik om glas te maak.

Klei word gebruik om keramiek te maak.

Steenkool en olie word gebruik om plastiek, verf en materiale te maak.

Hout en plantvesel word gebruik om papier te maak.

Dierewol en -velle word gebruik om tekstiel en leer te maak.